

SARS VERWELKOM DIE MTBBV INKOMSTEANKONDIGING

Pretoria, Donderdag 11 November 2021 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die onafwykende verbinding, wat deur die minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana gemaak is, tot fiskale volhoubaarheid, die instaatstelling van langtermyn groei deur vernouing van die begrotingagterstand en stabilisering van skuld, met sy voorlegging vandag in die parlement van die mediumtermyn-begrotingbeleidsverklaring (MTBBV).

Die minister het bygevoeg dat 'n vinnig-groeiende ekonomie verhoogde inkomste-invordering sal moontlik maak, wat kan lei tot meer breedvoerige optrede teenoor die uitdagings wat die land in die gesig staar.

Inkomende binnelandse en wêreld ekonomiese aanduiers dui op verbeterde ekonomiese vooruitsigte nadat momentum die laaste tyd afgeneem het. Dit is te midde aanhoudende onderbrekings in die lewingsketting en voortslepde herlewings van Covid-19. Volgens die Oktoberverslag van die Wêreld Ekonomiese Vooruitsig (WEO) van die Internasionale Monetêrebeleid (IMF), word dit voorspel dat die wêreld ekonomie met 5.9% sal groei in 2021 en met 4.9% in 2022, wat 'n 0.1% persentasiepunt laer is vir 2021 as met die Julie-voorspelling.

Plaaslik, het Suid-Afrika se BBP met 1.2% gegroei in die tweede kwartaal van 2021, meer as die (hersiene) syfer van 1.0% in die eerste kwartaal. Na verwagte sal ekonomiese prestering optel in die buitenste jare wanneer die ekonomie geleidelik oopmaak, produksievlakke sterker word, en handels- en verbruiksaanvraag verbeter. Nasionale Tesourie het Suid-Afrika se verwagte nominale BBP-groei vir 2021/22 opwaarts hersien na 10.9%, vergeleke die 8.8% in die 2021 Februariebegroting. Dit verteenwoordig 'n noemenswaardige verbetering teenoor 'n krimpings van -2.1% in 2020/21.

Belastinginkomste sal na verwagting in die 2021/22 finansiële jaar groei teen 18.9% jaar-op-jaar teenoor die vroeë geskatte groei van 9.2%. Dit verteenwoordig belastinginkomste wat teen 'n vinniger koers groei as die ekonomie. SARS bly fokus op sy administratiewe bekwaamhede en verbetering in belastingpligtigenakoming om verhoogde belastinginkomste-invordering te verseker.

Inkomste-invorderings neig ver bo die skatting soos uiteengesit in die Februarie 2021-begroting. Dit is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die verbetering in ekonomie, uitwerking van begiftigings uit vorige nakomingsbedrywighede, asook verbeterde invorderingspogings deur SARS. Gevolglik het die minister die inkomsteskatting verhoog vanaf R1 365.1 miljard na R1 485.4 miljard - 'n verhoging van R120.3 miljard in verwagting van beter inkomste-invorderinge.

Hierdie hersiening van die skatting, kan toegeskryf word aan die verbetering in inkomste-invordering vir die tydperk hierdie jaar tot op datum, onder andere. Tot en met 30 September 2021, het SARS R720.1 miljard ingesamel, met 'n jaar-tot-op-

datum surplus van R79.1 miljard (12.3%) teenoor die Februarie-2021-begrotingskatting. Jaar-op-jaar groei van die vorige jaar is gemeet op R201.5 miljard (38.9%).

Alle hoofbelastingsoorte, behalwe invoerbelasting en bepaalde aksynsbelasting, het 'n jaar-tot-op-datum surplus getoon teenoor die skatting. In bydrae tot die surplus, het die hoofbelastingsoorte as volg presteer teenoor die Februarie-2021-begrotingskatting: PIB-netto (6.3%), MIB-netto (51.8%) en BTW-netto (0.1%). SARS het Covid-19-verwante uitstellings op bepaalde aksyns toegelaat wat gelei het tot onderprestering gedurende hierdie tydperk, en invoere wat effens afgeneem het wat gelei het tot onderprestering in doeaneheffings.

SARS het R87.0 miljard ingevorder uit identifiseerbare nakomingsbedrywighede gedurende die eerste helfte van hierdie jaar. Van hierdie bedrag, is R53.5 miljard ingevorder in kontantinkomste, terwyl R33.5 miljard vasgemaak is deur bedrogvoorkoming en ander lekasiebeskerming. Hierdie werk sal intensifiseer met SARS se voortgaande optimalisering van sy prosesse en verskerping van sy bevoegdheid om sodoende die hersiene inkomsteskatting te behaal.

Die inkomsteprestering teen halfjaar toon 'n ekonomie wat herstel na amper voor-Covid-19 tye. Daar is egter nadelige risiko's wat kop uitsteek wat bestuur moet word vir die res van die jaar, insluitend: 1) energiesekuriteit d.i. beurtkrag, 2) herlewing van opkomende golwe van Covid-19 plaaslik en in die buiteland, 3) drastiese ongunstige veranderinge in wêreldwye aanvraag van erts en platinumgroepmetale (PGM'e), insluitend wisselkoers en kommoditeitsprysoorwegings), en 4) ontwinging in die leweringsketting.

SARS sal gefokus bly op sy herbouingsreis jeens 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat vertrou en bewonder word, deur optimalisering van sy prosesse om geskikte en doeltreffende inkomste-invordering te verseker. Ons belê aansienlike hulpbronne om ons stelsels te moderniseer om sodoende ons vermoëns uit te brei, deur finansiering van instaatstellende tegnologie, data-analise en kunsmatige intelligensie, asook die gebruik van masjien-aangeleerde algoritmes. Ons glo dat hierdie inisiatiewe sal help om nienakoming na te spoor en aan te spreek. SARS bly toegewyd tot sy strategiese voorneme van vrywillige nakoming.

Dit word verwag dat die groeikoers in inkomste die groeikoers in die ekonomie sal verbysteek, en dus sal lei tot die belasting-tot-BBP van 24.1% vir die jaar 2021/22.

SARS het die afgelope jaar meer as R2.6 triljoen in handeldryf gefasiliteer in samewerking met sy handelsvennote. Daarom, om handelsfasilitering te verbeter, sal verskerpte fokus en gepaardgaande bevondsing noodsaaklik wees om ons te help om die sukkelende infrastruktuur by ons grensposte te hernu en op te knap, asook om te belê in ons tegnologiese infrastruktuur om die doeanelandskap te moderniseer jeens slimmer grense.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê: "Ons bly versigtig optimisties dat ons die nuwe inkomsteskatting sal haal. SARS is daartoe verbind om sy mandaat te verwesenlik, wat die invordering van alle verskuldige inkomste is om sodoende 'n bekwame regering te bou wat Suid-Afrika dien. Dit is in lyn met die hoër doel wat SARS dien.

"Die uitvoer van die SARS-mandaat sal nie moontlik wees sonder die voortgesette nakoming van belastingpligtiges, handelaars, tussengangers en ander hooggeagte belanghebbendes, wat die regte ding doen en hul wetlike verpligtinge nakom. Ek bedank hul vir hul nakoming. Toenemend kommerwekkend is die feit dat daar belastingpligtiges en handelaars is wat voortdurend willens en wetens nienakomend is. Ek maak 'n beroep op hierdie belastingpligtiges, handelaars en tussengangers om die wet en hul wetlike verpligtinge na te kom om sodoende ons land te herbou wat gebuk gegaan het onder die skokke van die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande ongunstige wêreldekonomiese omstandighede", het die kommissaris afgesluit.

#YourTaxMatters!

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.